MAART 2018

Nuusbrief 21

Nuusbrief van Huis Kalahari Visser en Huis McFarlane

BELANGRIKE DATUMS

21 Maart
MENSEREGTEDAG

28 Maart
SKOOL SLUIT

Dit is moeilik om te glo dat die tweede maand van 2018 alweer op sy rug lê! Baie welkom terug by ons koshuise. In die besonder welkom aan ons Gr 8's, alle ander nuwelinge en hul ouers. Baie sterkte aan elke leerder, ouer en personeellid vir al die uitdagings wat die jaar inhou. Kom ons reik uit na mekaar en maak 'n verskil .

LEERDERSAKE

HANEDINEE:

Op Dinsdag 27 Februarie 2018 is die heel eerste Hanedinee by Huis McFarlane gehou. Dit is 'n geleentheid vir die Huis Mac seuns om bietjie weg te breek van die normale koshuisroetine en ook mekaar se verskille, uniekhede en talente te vier.

Die seuns, mnre. Bateman en Oberholzer en ander dienspersoneel het 'n heerlike aansitmaaltyd saam geniet. Huis McFarlane se koshuishoofseun van 1998, mnr Jaco Carstens, het sy ervaring van die koshuis kom deel.

Baie dankie aan die matriek-ouers vir die mooi tafelversierings en ander reëlings. So ook mnr. Schalk de Wet vir sy aandeel.

Mag hierdie die begin wees van jarelange tradisie!

HENNEDINEE:

Die Huis McFarlane dames het Donderdagaand, 1 Maart 2018, informeel saamgekuier, eintlik net lekker saamgekekkel. Die spreekster tydens die geleentheid was mev. Rulandi Janse van Vuuren, koshuishoofdogter van 2006.

Die dogters het onlangs swart rokkies met Huis McFarlane se wapen en leuse aangekoop en besluit om dit na die funksie te dra. Talita van Zyl en Janke Siebrits het voorgegaan met sang en almal kon lekker saam sing. Veral "Paarl Gim Roepstem" is uit volle bors gesing!

Ons bedank graag vir mev. Carina Momsen en ons hoofdogter, Lara Horne, vir die reëlings.

DISSIPLINE

SOSIALE MEDIA:
Moedig asb. u kind aan om te alle tye verantwoordelik op tree met die gebruik van sosiale media. Afbrekende selfoonboodskappe en kru taalgebruik is uiters onvanpas en onaanvaarbaar. Ons kan nie die belangrikheid van respek vir mede-leerders genoeg beklemtoon nie.

FINANSIES:

Onthou asb. dat koshuislosies vooruitbetaalbaar is. Baie dankie aan die ouers wat hierdie verpligting stiptelik nakom.

INFRASTRUKTUUR EN PROJEKTE:

Die volgende projekte is suksesvol afgehandel tydens die afgelope vakansie:

McFARLANE

Ou stapelbeddens vervang met nuwe ingeboude houtbeddens

70 Nuwe matrasse aangekoop

Boorgat gesink en 6 nuwe watertenks aangekoop

Alle kamers se staal vensterrame vervang met alluminiumrame

Lugreëlaars geïnstalleer in dienskamers

KALAHARI VISSER

Boorgat gesink en 4 nuwe watertenks aangekoop

Nuwe gordyne aan seunskant

BEPLANDE PROJEKTE vir 2018:

HUIS KALAHARI VISSER:

Draadheining aan agterkant van koshuis word vervang met pallesades

HUIS McFARLANE:

Asbesdak van koshuis word vervang

Vergroting van koshuis - nuwe was-area word gebou en nuwe skottelgoedwasser geïnstalleer

PERSONEEL:

Lede van die Koshuiskomitee het 'n "omgee-funksie" vir die koshuispersoneel gereël. By hierdie geleentheid het elke personeellid 'n geskenkie ontvang en is almal bedank vir hul bydrae om sake glad te laat verloop in ons koshuise. Ons koshuise kan nie suksesvol funksioneer sonder hierdie personeel wat so getrou help om ons kinders te versorg en dikwels die ekstra myl vir hulle stap nie.

Twee ekstra diensonderwysers is aangestel by Huis McFarlane. Ons verwelkom graag mnre. Ben Calitz en Abré van Heerden en glo dat u reeds tuis voel by ons koshuisfamilie.

KOMMUNIKASIE/BEMARKING

Beide koshuise het reeds ‘n ouerbraai gehou en ‘n groot aantal ouers het dit bygewoon. By hierdie gesellige geleenthede kon ouers mekaar leer ken en is kosbare bande gesmee.

‘n Streeksaamtrek word beplan vir Worcester en omliggende dorpe. Ons is dankbaar vir mev. Marise Rabie wat behulpsaam is met die reëlings. Verdere inligting sal eersdaags deurgegee word.

Vriendelike groete

André Oberholzer

KOSHUISHOOF

HUIS McfARLANE HANE –EN HENNEDINEE

HUIS McFARLANE INBLY-AAND

HUIS KALAHARI VISSER NUWELINGE